

Sing vooraf staande: Psalm 107:4 (p. 534)

- 4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan;
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:3 (p. 504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Amen.

Psalm 130:3 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Skriflesing: Johannes 6

Teks: Johannes 6:33

Want die Brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. (Johannes 6:33 AFR53)

'n Mens se lewe kan twee rigtings inslaan:

- Óf hy werk en streef vir alles wat hy nou nodig het om van sy lewe 'n sukses te maak. Dit word dan vir so 'n mens die allesoorheersende.
- Óf hy werk so dat hy nog steeds sy verpligtinge vir sy daaglikse lewe nakom, maar hy doen dit alles in die eerste plek vir die Here.
 - So 'n lewe eis baie.
 - Jy moet die besondere ingesteldheid hê om te kan sien dat die manier waarop jy elke faset van jou lewe hanteer, die eer van die Here moet uitdra.

Die groot probleem met ons is dat ons so ingestel is op hierdie lewe dat ons baie keer net teen die stoflike dinge vaskyk.

- Ons vergeet dikwels dat die lewe anderkant die graf ook nog aangaan en dan versorg ons nie daardie deel van ons lewe ook nie.

Dis natuurlik nie 'n verskynsel wat nou eers in die moderne tye sy kop vir die eerste keer uitsteek nie.

- Die skare, wat die dag waarvan ons geles het, voor die Here gestaan het, het presies dieselfde probleem gehad.
- Dis waarom die Here dadelik toe die mense by Hom gekom het, vir hulle gesê het dat hulle net weer na Hom toe gekom het omdat hulle mae die vorige dag vol geword het – hulle het nie teruggekem omdat hulle in Hom geglo het nie (vers 26).

Wat Hy dus gesê het, was dat die mense voor Hom nie gesien het hoe Hy deur die wonder van die vermeerdering van die brode eintlik die ewigheid aan hulle geopenbaar het nie.

Dan begin die Here met hierdie preek waarin Hy van die bekende feit uitgaan dat 'n mens wat wil lewe, moet eet.

- Hierby sluit die Here dan aan om die mense te laat verstaan dat iemand wat vir ewig wil lewe, ook moet eet, maar hy moet 'n ander tipe kos inkry – die geloof in die verlossing deur die Here Jesus.

Die preek van die Here val uiteen in verskillende punte.

- Eerste is daar die baie direkte uitspraak dat ons mikpunte in die lewe verkeerd is en die vermaning daarby dat ons moet soek na kos wat nie vergaan nie (vers 26, 27).
- Dan is daar die uitspraak dat Hy die Brood van die lewe is, en dat Hy van die hemel af neergedaal het om mense te verlos wat na Hom toe kom.
- Daarna volg die uitspraak dat die Here Jesus hierdie mense op die laaste dag gaan opwek.

Hiermee gee die Here natuurlik 'n toekomspektief vir die mense wat glo – hulle gaan opgewek word om by die Here te wees.

- Daar word bloot geswyg oor die wat nie die Here aanvaar nie en dus ook nie na Hom toe kom nie.
- Maar in die stilte oor hulle is hulle oordeel ook duidelik!

Die preek het duidelik twee elemente – 'n negatiewe element en 'n positiewe element.

- Die negatiewe is die vermaning oor die manier waarop ons lewe.
- Ons mag nooit op so 'n manier lewe dat ons so voluit bou aan al die dinge wat net vir ons lewe op die aarde belangrik is dat ons nie die dinge van die hiernamaals raaksien of nie genoeg aandag daaraan gee nie.

Daarom het die Here toe gesê:

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. (Johannes 6:35 AFR53)

Ons hele lewe moet op die Here ingestel wees! Toe wou die mense weet hoe hulle dit moet regkry (vers 28).

- Hulle wil ook hê dat die Here vir hulle 'n teken moet gee.
- Hulle sê dan self dat hulle voorouers in die woestyn manna geëet het om aan die lewe te bly.
- Dit beskou hulle as 'n teken wat aan hulle gegee is.

Watter teken wat iets bewys van die lewe, kan die Here vir hulle gee?

Die Here gebruik hierdie geleentheid om dan aan die mense te verduidelik dat Hy die Een is wat lewe gee.

- Maar nie op dieselfde manier as wat hulle dit verstaan nie – hulle soek 'n teken soos die manna.
- Maar die manna het hulle lewe ook net vir een dag lank aan die gang gehou, want die volgende dag was hulle maar weer honger, en sou hulle uiteindelik van die honger doodgegaan het as die Here nie weer manna gegee het nie.

Die Here gee egter lewe wat heeltemal op 'n ander vlak lê.

- As Hy iemand kos gee, dan word daardie persoon nie weer honger of dors nie (vers 35).
- Hy hou dus aan lewe sonder dat hy weer van kos afhanklik is.

U kan net dink hoe verbaas die mense daar voor die Here was om so 'n uitspraak te hoor.

- Waar het jy al ooit gehoor van iemand wat iets kan eet wat hom tot in ewigheid aan die lewe kan hou?
- Die Here het dus op daardie oomblik al hulle aandag gehad. Daarom sê Hy dadelik (vers 35):

... en wie in My glo, sal nie honger kry nie; en wie in My glo sal nooit dors kry nie. (Johannes 6:35 AFR53)

Jesus is die brood. Hy is die Gewer van lewe.

- Maar Hy verwag van ons om hierdie gawe van lewe ons eie te maak: Ons moet glo!
- Die mense daar voor die Here het toe dadelik verstaan dat die Here van geestelike voedsel gepraat het.
- Iemand wat geestelik gevoed is, sal nie rondval soos iemand wat honger is en voortdurend kos soek nie.

In vers 27 staan daar dat ons moet werk vir voedsel wat nie vergaan nie.

- Hier word dit baie duidelik beklemtoon dat ons self baie energie in die saak moet insit.
- Nie om ons saligheid te bewerk nie – dit het die Here Jesus klaar gedoen.

Maar ons moet nou hierdie ewige lewe vir onself toe-eien. Die mens moet glo en hom bekeer deur die genade wat hy van God ontvang. (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3 & 4 .12)

Van hierdie mense wat daar voor die Here gestaan het, het ook getuies geword van hoe God die Brood van die Lewe aan ons gegee het.

- Daardie dag het hulle nog nie geweet waar en hoe hulle die Brood wat die ewige lewe gee, sou kry nie.
- Maar later het hulle gesien hoe dit gegee word.
 - Hulle het Jesus se wonderwerke gesien.
 - Hulle het gesien wat alles gebeur het toe Jesus gekruisig is.
 - Hulle het dit beleef dat dit helderoordag donker geword het.
 - Hulle het gesien hoe die grafte oopgegaan het en hoe die dooies opgestaan en aan die mense in die stad verskyn het.

Hulle het in al hierdie wonders die voorspel gesien van die krag waarmee Jesus die ewigheid vir ons oopgebreek het. En terselfdertyd ook hoe Hy die deure van die hel agter ons toegeslaan het sodat ons nooit weer daarin kan teruggaan nie.

Hulle het dus inderdaad getuies geword van hoe God die Brood van die lewe aan ons gegee het.

- Hulle het dit later ook gesien in Jesus se opstanding.
- Toe het hulle ook geweet waarvan die Here gepraat het toe Hy op die dag waarvan ons gelees het, gesê het dat Hy die ewige lewe gee vir die wat in Hom glo en dat Hy hulle op die laaste dag sal opwek.

Want hulle het gesien dat Hy opgestaan het uit die dood.

- Die graf was mos leeg.
- Hulle het verstaan dat die Here hulle ook so gaan opwek.
- Daar staan juis in vers 27 dat God die Vader Jesus die mag gegee het om dit te doen.

Die Here het hier in maklike taal vertel van sy genade wat Hy aan ons bewys sodat ons die ewige lewe mag hê.

- Let op hoe hierdie preek van die Here vanself deurloop in die nagmaalviering in.
- Soos dit in vers 35 geskryf staan, het die Here Jesus gepraat van brood eet en van nie weer dors word nie.

In vers 53 word die Nagmaal nog duideliker ingevoer:

... as julle nie van die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. (Johannes 6:53 AFR53)

Nagmaal is die feesgeleentheid waarmee ons onthou hoe en dat die Here vir ons die ewige lewe verwerf het en dat Hy dit aan ons toeken.

- Die boodskap van nagmaal en die boodskap van die geboorte van ons Here Jesus – sy menswording – is dieselfde: Hy kom om ons te red en te verlos van die straf wat ons sondes oor ons bring.
- Daarom is Kersfees vir die ware gelowiges 'n fees waar ons die ewigheid reeds in die tyd sien kom.

Onthou net vir die oomblik dat ons geloof in ons verlossing nie losgemaak kan word van 'n ware geloof nie. Die ware geloof het twee bene waarop hy staan, naamlik

- om te weet waar en by wie jy die ewige lewe kry, en
- verder dat jy die Here ook waarlik vertrou met sy belofte dat Hy jou die ewige lewe gee.

Ons vra ook: Hoe weet ek ek het die ware geloof? Dis maar presies dieselfde vraag wat die mense daardie dag vir die Here ook gevra het.

- Die antwoord van die Here is ook dieselfde: Die ware geloof kyk nie net na die aarde nie.
- Dit is nie soos daardie mense se geloof wat so was dat hulle net wou eet om versadig te word nie.
- Die ware geloof is 'n lewenshouding waarin die verheerliking van God en diens aan die Here die enigste doel is.

Die ware geloof dryf jou na die Een toe wat die brood vir jou gee – die Here Jesus Christus!

- Hy het uit die hemel neergedaal en hier kom leef en sterf om lewe uit te deel.
- Hy het die mag om dit te doen – jy hoef nie daaraan te twyfel nie.
- Maar dan moet jy darem ook leef en glo soos een wat al hierdie genade ontvang!

Die Here sê dat sulke mense na Hom toe moet kom. Vers 37 stel dit in die mooiste woorde wat seker op 'n mens se ore kan val:

Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom nooit uitwerp nie!
(Johannes 6:37 AFR53)

Die Here druk nie sy oë en ore vir ons toe nie.

- Maar dan moet ons na Hom toe kom met totale oorgawe.
- Dis nie waar dat die feit dat die Here jou verlos geen eise aan jou stel nie. Juis omdat ons verlos is, moet ons alles wat ons is en het, gee om die Here te verheerlik met ons geloof en ons uitlewing daarvan.

Ons geloof moet nie so wees dat ons daarmee voordeel op die aarde wil bereik nie.

- Die gesindheid en die geloof waarmee ons na die Here Jesus toe kom, moet totaal anders wees – dit moet God verheerlik en aanbid.
- As ons hierdie doel nastreef, dan deurbreek ons met God se genade die grense van die tyd.
- Dan word dit tydloos en nie vasgemaak aan aardse dinge soos manna en net kos vir elke dag nie.

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. (Johannes 6:35 AFR53)

NOOIT! En nooit is 'n baie lang tyd! Nooit is tot in die ewigheid!

Die Bybel praat op ander plekke in dieselfde trant oor die Here Jesus en sy werk, byvoorbeeld:

- In Johannes 4:10 van lewende water,
- Hebreërs 4:12 van die lewende Woord,
- Hebreërs 10:20 van die lewende Weg,
- Romeine 12 :1 van 'n lewende Offerande,
- 1 Petrus 1:3 van die lewende Hoop, en in
- 1 Petrus 2:4 en 5 word daar gesê dat ons lewende stene is.

Die Here Jesus Christus is die Gewer van lewe en alles wat met lewe te doen het.

- Ons het ook in hierdie opset 'n plek – ons is lewende stene van God se huis.
- Ons is lewende lidmate van sy kerk.
- Daarom moet ons onself prysgee en die Here Jesus aanbid in die ware geloof. In sy woorde: Ons moet na Hom toe gaan.

Maar dis swaar werk, en wie wil sulke swaar werk doen?

- Daarom het daar onmiddellik onder die Jode 'n rusie uitgebreek.
- Hulle wou weet waar Jesus die reg vandaan kry om te sê dat Hy die brood is wat uit die hemel neergedaal het (vers 41).
- Hulle het ook geweier om te aanvaar wat Hy gesê het, naamlik dat die wat sy vlees eet en sy bloed drink, die ewige lewe het en dat daardie mense wat dit doen, die laaste dag opgewek sal word.

Hieroor het die mense Jesus toe verlaat.

Toe vra Jesus vir sy dissipels: Wil julle nie ook weggaan nie? En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. (Johannes 6:67, 68 AFR53)

Hy bely dus hier dat hy glo dat die Here hom op die laaste dag sal opwek saam met die ander gelowiges, want hy bely dat hy die ewige lewe nastreef waarvan die Here praat. Dink net aan die vooruitsig wat die Here hier stel.

Kom ons luister na dieselfde saak, maar soos wat die Heilige Gees dit baie later deur Paulus se pen geskryf het in 1 Tessalonisense 4:13-18:

Maar broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die Woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie voor sal wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word, die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees! Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde. (1 Tessalonisense 4:13-18 AFR53)

So werk die tweesnydende swaard van die Here:

- Dit trek party mense nader en dryf ander mense weg.
- Die wat die Brood van die lewe eet, word opgewek om die Here in die lug tegemoet te gaan en om saam met die Here te wees vir altyd.

Die ander mense word natuurlik ook opgewek.

- Dit staan nie in die gedeelte wat ons gelees het nie, maar dit staan wel op ander plekke geskryf.
- Soos wat die Here ons opwek, net so wek Hy hulle ook op en dan word hulle ook weer liggaam en siel verenig, en dan gaan hulle so die oordeel in.

Hoe wyd is ons lewensvisie? Sien ons die wederkoms en ons opstanding deur die Here se genade ook in ons daaglikse lewe? Vra uself nou die vraag af: Ken ek die Brood wat lewe gee?

Dit toon ook terselfdertyd die verskil tussen die ware en die valse geloof.

Kom ons stel dit net effens anders, maar tog nog steeds waar: Dit toon ook die verskil tussen die mense wat die ewige lewe het, en die wat nie in God wil glo nie.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 1 Des 2013